Om oorweging te skenk aan die versoek van Town & Country namens mnr A Hills om 'n gedeelte (2ha) van erf 1256, Struisbaai te koop ten einde sy fabriek in die volgende paar jaar op die genoemde eiendom te vestig (liggingsplan aangeheg op **bladsy 65**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars	:	KAM
Eiendom	:	Gedeelte Erf 1256, Struisbaai
Huidige sonering	:	Onbepaald
Voorgestelde Grootte	:	2ha

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 66 tot 70** is van Town & Country namens mnr A Hills ontvang om 'n gedeelte van erf 1256, Struisbaai by die Raad te koop.

MARKWAARDASIE

In Afwagting.

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Vervreemdingsinkomste vir KAM.

WETLIKE IMPLIKASIES

Council policy	Alienation of land
MFMA	<ol style="list-style-type: none"> Sect 14(2)(a): asset not required for minimum level of basic services. Sect 14(2)(b): consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below). Sect 33: Contracts having long term financial implications.
MATR	<ol style="list-style-type: none"> Definition of "high value asset": "fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts: <ol style="list-style-type: none"> R50 million; One percent of the total value of the capital assets of the municipality.... An amount determined by resolution of the council of the municipality which is less than (a) or (b). Definition of "realisable value": fair market value <u>less</u> estimated costs of completion. Definition of "right to use, control or manage": when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal. Regulation 5 (decision-making). Regulation 6 (public participation)
SCM Regulations SCM Policy	Regulation 40: (Disposal Management) Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth
Systems Act (public participation)	<p>Section 21A: (1) All documents that must be made public by a municipality in terms of a requirement of this Act, the Municipal finance Management Act or other applicable legislation, must be conveyed to the local community:</p> <p>(a) by displaying the documents at the municipality's head and satellite offices and libraries;</p> <p>(b) by displaying the documents on the municipality's official website, if the municipality has a website as envisaged by section 21 B; and</p> <p>(c) by notifying the local community, in accordance with section 21, of the place, including website address, where detailed particulars concerning the documents can be obtained.</p>
Town Planning legislation	No application is required.

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR**MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen beswaar vanaf my kant afhangende daarvan dat alle wetlike prosesse nagekom word.

DIREKTEUR: SIVIELE INGENEURSDIENSTE

No objection. Bulk infrastructure requirements for the facility will be for the owner's account.

DIREKTEUR: GEMEENSKAPSDIENSTE

Geen beswaar.

SENIOR SPESIALIS STADSBEPLANNER

Is not supported. It is outside the Urban Edge. Amendment of the SDF required, if Council intends to sell the portion. All planning costs to be for the applicant.

BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Ek ondersteun die vervreemding, maar neem ook kennis dat dit buite die dorpsgrens is.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die aansoek nie oorweeg kan word nie, aangesien die gedeelte grond buite die dorpsgrens is.

BESLUIT 34/2020

- Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.
- Dat die proses vir die wysiging van dorpsgrense ("urban edge") volledig beplan en aan die Finansies- en IT Dienste Komitee voorgelê word.

11.15 **AANKOOP VAN ERWE 538 EN 539, BREDASDORP VIR RAADSDOELEINDES (MM)****DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk om Erwe 538 en 539, Bredasdorp aan te koop vir Raadsdoeleindes.

AGTERGROND

Daar is deur die Munisipale Bestuurder met die Rooms-Katolieke Kerk onderhandel om erwe 538 en 539 in Dirkie Uysstraat, Bredasdorp vir Raadsdoeleindes aan te koop.

Die erwe se besonderhede is as volg (Liggingskaart aangeheg op bladsy 70):

- Erf 538 : Munisipale waardasie R100 000 Grootte 708m²
- Erf 539 : Munisipale waardasie R100 000 Grootte 698m²

Die Munisipale Bestuurder het die kerk genader met 'n aanbod van R150 000 (BTW uitg.) per erf en die kerk se "PPC" en "PFC" het die aanbod op 16 Februarie 2020 voorlopig aanvaar.

Die Raad kan die erwe onder andere gebruik vir 'n terrein vir informele handel, 'n taxi aflaai-zone, ens. Verdere gebruike kan nog gewerkswinkel word om potensieële gemeenskapsbehoefte aan te spreek.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Uitgawe van R300 000 (Direkteur: Finansies sal geld beskikbaar stel)

REGSIMPLIKASIE

Dat koopvoorwaardes in 'n koopkontrak vervat word.

PERSONEEL IMPLIKASIE

Geen.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die Raad 'n amptelike aanbod van R150 000 (BTW uitg.) per erf aan die Rooms-Katolieke Kerk maak om erf 538 en 539, Bredasdorp aan te koop vir Raadsdoeleindes.
- (ii) Dat die koopkontrak deur die Raad se prokureur opgestel sal word.
- (iii) Dat die aanwending van die grond deur die Raad per werkswinkel bespreek sal word.

Die Munisipale Bestuurder verklaar dat hy geen direkte belang by die transaksie het nie, alhoewel hy lid van die gemeente is.

BESLUIT 35/2020

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

11.16 **HUUROOREENKOMS: MEENTGRONDE - KAM / AGRI DWALA / THE FLYING CHEETAH DOG (PTY) LTD****DOEL VAN VERSLAG**

Om te oorweeg om bestaande gedeelte van 'n kamp uit Agri Dwala (Pty) Ltd se ooreenkoms uit te sluit en aan te wend vir Raadsdoeleindes.

AGTERGROND

Daar bestaan 'n huurooreenkoms, soos aangeheg op **bladsy 71 tot 76** tussen Kaap Agulhas Munisipaliteit en Agri Dwala (Pty) Ltd vir die huur van 'n gedeelte van erf 513, Napier met 'n grootte van ongeveer 617 hektaar. Die grond bestaan uit verskeie kampe, waaronder **Kamp 2(b) van 18 hektaar**. Die ooreenkoms is op 15 Julie 2015 deur alle partye onderteken vir 'n huurtermyn van 9 jaar en 11 maande, met ingang van 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2025.

Die Raad het met Agri Dwala vergader/onderhandel en versoek om Kamp nr 2(b) (18 hektaar) aan die Raad beskikbaar te stel om dit weer aan "The Flying Cheetah Dog (Pty) Ltd" beskikbaar te stel vir die aanhou van beeste. "The Flying Cheetah Dog (Pty) Ltd" was reeds in gesprek met Departement Landbou wat bereid is om hulle te help met die opkomende-boerdery-projek. Die kontrak word versoek vir 'n tydperk van 9 jaar en 11 maande. Agri Dwala het ingestem tot die ooreenkoms (sien skrywe aangeheg op **bladsy 77**). Die liggingskaart van KAMP 2(b) word ook aangeheg op **bladsy 78**.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Huurinkomste vir die Raad bereken op dieselfde formule as die van "AGRI DWALA (PTY) Ltd, maar slegs vir die bestaande 18 hektaar, met ander woorde "The Flying Cheetah Dog (Pty) Ltd" sal R557/ha betaal vir jaar 1 en die jare wat volg soos vervat in Agri Dwala se ooreenkoms. Agri Dwala se huurgeld sal dienooreenkomstig verminder.

REGSIMPLIKASIE

Die bepaling van die ooreenkoms is duidelik.

PERSONEEL IMPLIKASIE

Geen.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die Raad goedkeuring gee vir die wysigings aan die bestaande ooreenkoms tussen KAM en Agri Dwala.
- (ii) Dat die Raad kennis neem van die versoek van "The Flying Cheetah Dog (Pty) Ltd" om KAMP 2(b) vir 9 jaar en 11 maande te huur.
- (iii) Dat 'n addendum tot die huurooreenkoms met Agri Dwala aangegaan word vir die oorblywende termyn, asook vir KAMP 2(b) se 18 hektaar.
- (iv) Dat die voorwaardes soos vervat in die bestaande ooreenkoms met Agri Dwala, steeds van krag bly.
- (v) Dat die Raad se prokureur die addendum tussen KAM en Agri Dwala en "The Flying Cheetah Dog (Pty) Ltd" opstel.
- (vi) Dat 'n ooreenkoms met "The Flying Cheetah Dog (Pty) Ltd" aangegaan word vir 'n termyn van 9 jaar en 11 maande, met ingang van 1 Maart 2020.

BESLUIT 36/2020

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

11.17 **HUUROOREENKOMS: MEENTGRONDE - KAM / CHANGE AGRI****DOEL VAN VERSLAG**

Om te oorweeg om 'n bestaande gedeelte van 'n kamp uit Change Agri (Pty) Ltd se ooreenkoms uit te sluit en aan te wend vir Raadsdoeleindes.

AGTERGROND

Daar bestaan 'n huurooreenkoms, soos aangeheg op **bladsy 79 tot 89** tussen Kaap Agulhas Munisipaliteit en Change Agri (Pty) Ltd vir die huur van 'n gedeelte van erf 1148, Bredasdorp met 'n grootte van ongeveer 302 hektaar. Die grond bestaan uit kampe 12, kampe 14 - 17 en kampe 19 - 20. Die ooreenkoms is op 20 Mei 2019 deur alle partye onderteken vir 'n huurtermyn van 2 jaar, met ingang van 1 Mei 2019 tot 30 April 2021.

Die Raad het met Change Agri vergader en versoek om Kamp nr 17 (17 ha) (aangrensend aan Agri Mega se gronde) te bespreek en in kleiner gedeeltes op te breek, aangesien die verhuurder 'n gedeelte benodig, sowel as die huurder wat "planttonnels" daar wil oprig vir die kweek van plantgewasse.

Daar is mondelings ooreengekom oor die verdeling van Kamp 17, en wel op die volgende voorwaardes (wat deur albei partye ondersteun is):

1. Die gedeelte van die bestaande voerkraal (4.5 ha) word uitgesluit (**gemerk A**).
2. Die gedeelte aan die noord-westekant van die voerkraal word ook uitgesluit (3,5 ha) (**gemerk B**).
3. Dat die oorblywende gedeelte van **KAMP 17 (17 ha min 8 ha = 11HA) vir 9 jaar en 11 maande** aan Change Agri (Pty) Ltd verhuur word vir landbou-/kweekgewasse.
4. Dat Change Agri (Pty) Ltd toegelaat word om op erf 1148, soos na konsultasie met die Raad, toestemming gegee word om 'n nuwe waterbron te ontwikkel wat direk vir die verbouing van KAMP 17 kan help, op hul eie koste.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

2020/21: Aanpassing (vermindering) van Change Agri se huurbedrag van (R204 281.61 / 302 x 8ha) = verlies van R5 411.43 vir jaar 2020/21.

2021 - 2030: **Slegs restant van KAMP 17:** (9 jaar en 11maande) (R204 281.61 / 302 x 11ha) R7 500 pj met 'n eskalاسie van 6% per jaar.

REGSIMPLIKASIE

Die bepaling van die ooreenkoms is duidelik.

PERSONEEL IMPLIKASIE

Geen.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die Raad goedkeuring gee vir die wysigings aan die bestaande ooreenkoms tussen KAM en Change Agri.
- (ii) Dat die Raad kennis neem van die versoek van Change Agri om die restant van kamp 17 vir 9 jaar en 11 maande te huur.
- (iii) Dat 'n addendum tot die huurooreenkoms met Change Agri aangegaan word vir die oorblywende termyn, asook die restant van kamp 17 se 11 hektaar.
- (iv) Dat die voorwaardes soos vervat in die bestaande ooreenkoms met Change Agri steeds van krag bly.
- (v) Dat die eienaarskap van Change Agri vanaf die "kommersiële-boere-vennote" na die "opkomende-boere-vennote" oorgedra sal word sodat die opkomende boere op hul eie volhoubaar kan boer op die restant van kamp 17.
- (vi) Dat Change Agri (Pty) Ltd toegelaat word om op erf 1148, soos na konsultasie met die Raad, toestemming gegee word om 'n nuwe waterbron te ontwikkel wat direk vir die verbouing van KAMP 17 kan help, op hul eie koste.
- (vii) Dat die Raad se prokureur die addendum tussen KAM en Change Agri opstel.

BESLUIT 37/2020

- (i) Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Raadslid Jacobs teken sy teenstem aan, aangesien hy van mening is dat die korrekte prosedure nie gevolg is nie en beskikbare dokumente onvolledig was.

11.18 **VERLENGING VAN HUUROOREENKOMS: STRUISBAAI WATERPARK - ERF 857, STRUISBAAI (BAO)**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die verlenging van die huurkontrak van mnr G P Eyles vir die bedryf van Struisbaai Waterpark.

AGTERGROND

Die huurder van Struisbaai Waterpark het 'n aanvanklike huurooreenkoms, soos aangeheg op **bladsy 93 tot 96** met die Raad vir die termyn van 3 jaar, met ingang 1 Oktober 2016 tot 30 September 2019 gehad teen R5 000 per jaar, op 'n gedeelte van erf 857, Struisbaai.

Die huurder versoek die Raad om die bestaande ooreenkoms op dieselfde voorwaardes te verleng vir 'n tydperk van 3 - 5 jaar. Die Raad neem egter op 23 Julie 2019 die besluit om die ooreenkoms vir 1 jaar te verleng teen R6 500 per jaar. Die bestaande ooreenkoms maak voorsiening in paragraaf 3 vir 'n oorweging vir die verlenging van die ooreenkoms.

“AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE OP 23 JULIE 2019

- (i) *Dat die bestaande kontrak vir 'n termyn van 1 jaar verleng word, vanaf 1 Oktober 2019 tot 30 September 2020, met die opsie om te verleng (Munisipale Bestuurder se delegasie).*
- (ii) *Dat die bestaande huurvoorwaardes steeds sal bestaan.*
- (iii) *Dat die jaarlikse huurgeld R6 500,00 sal beloop met 'n eskalاسie van 6% per jaar, vooruitbetaalbaar.*
- (iv) *Dat, indien die Raad die eiendom benodig vir vervreemding of enige ander munisipale doeleindes, 'n opsegging van hierdie kontrak binne 90 dae sal plaasvind.*

BESLUIT 109/2019

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.”

Daar bestaan tans 'n “afwyking vir die “tuck shop”” op dié gedeelte van erf 857, maar die afwyking verval binnekort. Daar is ook strukture opgerig waarvoor daar nie bouplanne ingedien is nie.

Die Raad het die erf waarop die fasiliteite geleë is aan 'n ontwikkelaar beskikbaar gestel vir vervreemding. Die proses is nog nie afgehandel nie.

Op 24 Januarie 2020 besoek die huurder die Munisipale Bestuurder en Burgemeester en doen aansoek vir 'n verdere verlenging van 2 jaar (1 Februarie 2020 tot 31 Januarie 2022).

BESTUURSAANBEVELING

- (i) *Dat die bestaande kontrak vir 'n verdere termyn van 2 jaar verleng word (1 Februarie 2020 tot 31 Januarie 2022).*
- (ii) *Dat die bestaande huurvoorwaardes steeds van toepassing sal wees.*
- (iii) *Dat die jaarlikse huurgeld R7 500 per jaar sal beloop, vooruitbetaalbaar.*
- (iv) *Dat die huurder weer aansoek doen vir die vergunning (hersonering) wat op die genoemde grond bestaan.*
- (v) *Dat nuwe bouplanne ingedien word vir alle bestaande- en nuwe strukture, soos bepaal deur die huidige ooreenkoms.*
- (vi) *Dat, indien die Raad die eiendom benodig vir vervreemding of enige ander munisipale doeleindes, 'n opsegging van hierdie kontrak binne 60 dae sal plaasvind.*

- (vii) Dat die huurder die voornemende koper van erf 857, Struisbaai redelike toegang tot die tersaaklike terrein sal gee vir inspeksie doeleindes.
- (viii) Die goedkeuring sal onderhewig wees aan die goedkeuring van die vergunning wat op die eiendom bestaan, asook die goedkeuring van uitstaande bouplanne.

BESLUIT 38/2020

- (i) Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Raadslede Europa en Baker teken hul teenstem aan, aangesien hulle van mening is dat die jaarlikse huurgeld nie markverwant is nie.

11.19 **KANSELLASIE VAN OOREENKOMS: ERF 809, BREDASDORP - MNR M H KEN**

DOEL VAN VERSLAG

Om die Raad in te lig dat die huidige huurder van gedeelte erf 809, Bredasdorp die huur van genoemde eiendom kanselleer (sien aangehegde versoek op **bladsy 97**).

AGTERGROND

'n Ooreenkoms, soos aangeheg op **bladsy 98 tot 100** is met mnr Ken aangegaan vir die huur van gedeelte erf 809, Bredasdorp vir 'n termyn van 3 jaar teen R300 per maand.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Geen.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die Raad kennis neem dat die huur van gedeelte erf 809, Bredasdorp gekanselleer is.
- (ii) Dat die heffing effektief gestop word.
- (iii) Dat die vorige Raadsbesluit herroep word.

BESLUIT 39/2020

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

11.20 **WAARDASIE APPÈLRAAD: AANWYSING VAN LEDE VIR AANSTELLING DEUR MINISTER VIR 2017 TOT 2021-TERMYN**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk om 'n bestaande lid wat afgesterf het, te vervang.

AGTERGROND

Meneer Vennet Valentine (ID: 501020 5075 082) was 'n lid van Kaap Agulhas Waardasie Appèlraad sedert 2008. Hy was aangestel vir die termyn van 1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2022. Mnr Valentine het ongelukkig op 24 Desember 2019 afgesterf. Sy heengaan sal 'n geweldige leemte laat oor sy kennis van die boubedryf.

Die Wes-Kaapse Minister van Plaaslike Regering is van sy afsterwe in kennis gestel.

Die Waardasie Appèlraad bestaan uit 'n Voorsitter en 'n maksimum van vier lede (Art 58(1)) (minimum 2 lede). Kwalifikasie vereistes vir die onderskeie posisies is soos volg:

Voorsitter:

Moet oor regskwalifikasies sowel as voldoende ondervinding van die toepassing van geregtigheid beskik (Art 58 (1) (a)).

Lede:

Moet oor voldoende kennis en/of ondervinding van die waardering van eiendom beskik en ten minste een van die lede moet 'n professionele waardeerder wees, geregistreer ingevolge die Wet op Eiendom Waardeerdersprofessie, Wet 47 van 2000 (Art 58 ((1) (b))).

Die Funksies van die Waardasie Appèlraad behels die volgende:

1. Aanhoor en besluite neem oor appèlle teen insluitings of weglatings deur die munisipale waardeerder op die waardasierol van Munisipaliteit Kaap Agulhas.
2. Hersien van besluite van die munisipale waardeerder ingevolge Artikel 52 van die Plaaslike Regering: Wet op Plaaslike Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004.
3. Uitvoer van alle ander funksies/pligte voorsien in die Plaaslike Regering: Wet op Eiendomsbelasting, Wet 6 van 2004.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Vergoeding bepaal volgens wetgewing en in begroting voorsien.

WETLIKE RIGLYNE

Die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, Wet 45 van 2000 met spesifieke verwysing na Artikel 58 vir die samestelling en aanstelling van die Raad.

Die volgende persone is ingevolge Art 56(1) deur die Wes-Kaapse Minister van Plaaslike Regering op Kaap Agulhas Munisipaliteit Waardasie Appèlraad, aangestel:

Voorsitter:	Adv	Mandla Mdludlu
Lede:	Mnre	Pierre-Jeane Gerber
		Vennette Valentine
		Henry Wiggins (Professionele Waardeerder)
	Me	Marguerite Badenhorst

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat kennis geneem word van mnr Valentine se afsterwe as lid van die Waardasie Appèlraad.
- (ii) Dat kennis geneem word dat die Minister vir Plaaslike Regering reeds in kennis gestel is.
- (iii) Dat die posisie van mnr Valentine nie weer op die huidige Waardasie Appèlraad gevul sal word nie.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

- (i) Dat Bestuursaanbeveling (i) en (ii) aanvaar word.
- (ii) Dat die vakante posisie op die huidige Waardasie Appèlraad gevul word.

BESLUIT 40/2020

Dat die aanbeveling van die Finansies- en IT Dienste Komitee as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

11.21 **QUARTERLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION AND OVERSIGHT REPORT FOR THE PERIOD ENDED 31 DECEMBER 2019 (DFS)**

The accounting officer must, within 10 days of the end of each quarter, submit a report on the implementation of the supply chain management policy to the mayor. The purpose is to report to the Mayor in terms of section 6(3) of the Supply Chain Management Regulations on the implementation of the Supply Chain Management Policy for the second quarter from **1 October 2019 to 31 December 2019**, in order to strengthen Council's oversight role.

BACKGROUND

The Supply Chain Management Policy was revised and adopted by Council in December 2019 to fully comply with the SCM Regulations. The SCM Policy has been reviewed by incorporating the legislative amendments and recommendations by the Auditor-General and Provincial Treasury to give effect to the compliance aspect.

This will enable the Supply Chain Management Unit (SCMU) to further streamline procedures and processes to promote more efficient and effective service delivery to all internal and external stakeholders.

Committees

The bid committees are established and are fully functioning according to Council's SCM Policy and the SCM Regulations. The committees are listed below:

- Bid Specification Committee (BSC)
- Bid Evaluation Committee (BEC)
- Bid Adjudication Committee (BAC)

For detailed information on the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 31 December 2019 (*the "SCM Quarterly Report" was previously distributed along with the Committee agenda's*).

MANAGEMENT RECOMMENDTION

That Council take note of the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 31 December 2019.

RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE

That the management recommendation be accepted.

RESOLUTION 41/2020

That the recommendation of the Finance- and IT Services Committee be accepted as a resolution of Council.

11.22 AANSOEK OM FINANSIËLE ONDERSTEUNING: HEAVENLY PROMISE (SAFE HOUSE)**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van 'n aansoek om finansiële ondersteuning aan Heavenly Promise (Safe House).

AGTERGROND

Die Raad het vir die tydperk 1 Januarie 2016 tot 31 Desember 2016 'n bedrag van R10 700 bewillig en vir die tydperk 1 Januarie 2017 tot 31 Desember 2017 'n bedrag van R10 000 ten einde die rekening van die Safe House te subsidieer.

Aangesien hulle van donasies afhanklik is, is die betaling van hulle maandelikse munisipale dienster rekening vir hulle 'n probleem. Hulle was onder die indruk dat die toekennning jaarliks sou geskied en het dus nie weer 'n skriftelike aansoek ingedien nie. Sederdien het die rekening gegroei tot 'n bedrag van R22 600 en hul maandelikse rekening beloop nou tans R1 200. Hulle rig dus weereens 'n versoek tot die Raad om dit te oorweeg om hulle dienster rekening te subsidieer.

Die koste per maand beloop gemiddeld R1 200. Die bedrag van R28 600 word benodig, R22 600 ten opsigte van die huidige uitstaande rekening en R6 000 vir die lopende uitgawes tot en met die einde Junie 2020.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

R28 600 - Ten einde die Safe House se rekening te subsidieer vir die tydperk 1 Januarie 2018 tot 30 Junie 2020.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat R28 600 bewillig word om rekening 200 000 774 819 te subsidieer.
- (ii) Dat die Raad dit oorweeg om die rekening op 'n jaarlikse basis te subsidieer sodat daar elke jaar voldoende voor begroot kan word.

BESLUIT 42/2020

- (i) Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.
- (ii) Dat 'n volledige verslag van alle "nie-winsgewende organisasies" aan die Raad voorgelê en gewerkswinkel word.

(Mnr O'Neill nie teenwoordig tydens bespreking van die aangeleentheid nie.)

11.23 **JAARLIKSE OUDITKOMITEE SELF-EVALUERING (MB)**

DOEL VAN VERSLAG

Verslagdoening aan die Raad oor die resultaat van die Ouditkomitee se jaarlikse self-evaluering.

AGTERGROND

Die Nasionale Tesourie se Omsendskrywe 65 van 2003, uitgereik in terme van die Munisipale Finansiële Bestuurswet, 2003 (MFMA), moet die Komitee se Handves insluit 'n jaarlikse self-evaluering om te bepaal of die Komitee nog aan sy Handves voldoen en al sy pligte verrig in terme daarvan. Hierdie vereiste is vervat in par. 4.5 van die goedgekeurde Handves.

Die vereiste jaarlikse evaluering is gedoen en die resultaat word voorgelê aan die Raad, soos aangeheg op **bladsy 101 tot 103**.

PERSONEEL IMPLIKASIES

Geen.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Geen.

WETLIKE IMPLIKASIE

Voldoening aan Nasionale Tesourie se Omsendskrywe 65 van 2003 en par. 4.5 van die Ouditkomitee se Handves.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad die inhoud van die Komitee se self-evaluering oorweeg en aanvaar.

BESLUIT 43/2020

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

11.24 UDIT AKSIEPLAN 2018/19 (OPCAR): MAANDELIKSE VORDERING - FEBRUARIE 2020**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die vordering met en afhandeling van die goedgekeurde 2018/19 Oudit Bevindinge Aksieplan (OPCAR) soos op einde Februarie 2020.

AGTERGROND

Na aanleiding van die Ouditeur-Generaal se oudit van die munisipaliteit se 2018/19 finansiële jaar is daar sekere leemtes uitgewys wat aangespreek moet word. Hierdie bevindinge is in die Oudit Bevindinge Aksieplan, soos aangeheg op **bladsy 104 tot 112** opgeneem en bepaalde regstellende stappe is bepaal om die bevindinge aan te spreek. Hierdie aksieplan is op 31 Januarie 2020 deur die Raad goedgekeur. Die vordering met die plan word verder op 'n kwartaallikse grondslag aan die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie voorgelê.

PERSONEEL IMPLIKASIES

Geen.

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Geen.

WETLIKE IMPLIKASIES

Geen.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad die vordering met die 2018/19 Ouditeur-Generaal Aksieplan soos op 29 Februarie 2020, oorweeg en aanvaar.

BESLUIT 44/2020

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

11.25 KONSEP BELEID: ONWETTIGE BESETTING VAN EIENDOM**VERSLAG OPGESTEL DEUR DIE DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE****DOEL VAN VERSLAG**

Om 'n konsep Beleid voor te lê rakende die hantering van onwettige besetting van eiendom.

AGTERGROND

Geweldige uitdagings bestaan rondom die beheer van die oprigting van onwettige strukture op die eiendom van die Raad. Vir hierdie doel en vir beter toekomstige beheer en monitering van hierdie probleme word 'n konsep beleid rakende die Onwettige Besetting van Eiendom aangeheg op **bladsy 113 tot 125**.

Dit is 'n aanvaarde feit dat onwettige besetting van grond die grootste probleme veroorsaak ten opsigte van gesondheid, welsyn en op sosiale gebied, wettige eienaarskap in gevaar stel, effektiewe en geordende administrasie in die wiele ry en verhoed dat ontwikkelings-prioriteite uitgevoer word.

Alhoewel dit die plig van die Munisipaliteit is om die verskillende belange van die gemeenskap tevrede te stel, is dit nietemin 'n feit dat die beskikbare hulpbronne, finansies en grond nie genoegsaam is om te voldoen aan die behuisingsnood van daardie deel van die gemeenskap nie.

Met die onwettige besetting van grond, moet alle tersaaklike feite in ag geneem word, tesame met die konstitusionele verpligtinge van die Munisipaliteit oor die algemeen, insluitende die regte van en verantwoordelikhede ten opsigte van die omgewing, gesondheid en veiligheidsrisiko's van die onwettige okkupaerders, veral die bejaardes, kinders en gestremde persone, sowel as dié van die aangrensende bewoners en grondeienaars.

In erkenning van die algemene regte op behuising, het die Munisipaliteit ook die plig om die belange van die ander inwoners binne die regsgebied in ag te neem en spesifiek die vorige benadeeldes en arm deel van die gemeenskap wat reeds geregistreer is op die amptelike behuisingswaglys, en gevolglik wettige verwagtinge koester.

WETGEWING

1. PIE Act 19 of 1998
2. Extension of Security of Tenure Act 62 of 1997
3. PAJA Act 3 of 2000
4. NBR Act 103 of 1973
5. Constitution of South Africa (Bill of Rights)
6. CPA 51 of 1977
7. Housing Act 107 of 1997
8. NEMA 15 of 2009
9. OHS Act 85 of 1993

BESTUURSAANBEVELING

Dat die konsep Beleid vir die "Hantering van onwettige besetting van munisipale eiendom" in beginsel goedgekeur word deur die Raad, maar dat die Beleid ook gewerkswinkel word en insette verkry in die Beleid vervat word waarna die Beleid gefinaliseer sal word.

BESLUIT 45/2020

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

12. **ADDISIONELE ITEM DEUR DIE RAAD HANTEER**

12.1 **VERSOEK OM KWYTSKELDING VAN BOUKLOUSULE VOORWAARDES AS GEVOLG VAN ONDERVERDELING: ERF 1954, BREDASDORP**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk vir die kwytskelding van die bouklausule voorwaarde van toepassing op die restant van erf 1954, Bredasdorp nadat onderverdeling plaasgevind het.

AGTERGROND

'n Bouklausule voorwaarde as deel van die koopoooreenkoms is op 'n hele aantal erwe in die Kaap Agulhas gebied van toepassing deur gebruik te maak van 'n verskeidenheid van metodes as basis van berekening wat bepaal dat die KOPER en sy opvolger(s) in regte binne 'n tydperk van vier-en-twintig (24) maande vanaf oorspronklike datum van verkoop of binne enige verdere tydperk wat die RAAD toelaat, geboue waarvan die oprigting volgens hierdie ooreenkoms toegelaat word, op hierdie erf op te rig en/of te laat oprig.

Verder sal die waardes soos bepaal in hierdie koopoooreenkoms (erf 1954) vanaf die derde jaar waarop die erf nog onbeboud is en/of die waarde soos vasgestel nog nie uitgewis is nie, met 10% (tien persent) per jaar verhoog word, totdat geboue op die perseel opgerig is wat oor 'n waardasie beskik wat tot gevolg sal hê dat geen heffings in dié verband gemaak hoef te word nie. Geen beperking word huidiglik geplaas op die 10% verhoging van toepassing met die voorstel om moontlik vasgestelde waarde te beperk van nie meer as R1 000 000.

Die bouklousule voorwaarde was reeds in plek met die oordra van die eiedom - erf 1954 gedurende September 2015 vanaf die vorige eienaar, J Daniels na die huidige eienaar Jephthas Reid en die feit dat die eiendom in die tussentyd onderverdeel is het geen impak op die koopoooreenkoms voorwaarde van die restant gedeelte in terme van die bouklousule voorwaarde. Verder kan genoem word dat die bouklousule implementering nie agterna bygevoeg is tot die rekening met die oorskakeling na VESTA nie, maar reeds op SAMRAS oor 'n bouklousule waarde beskik het van R252 728. Bouklousule voorwaarde bepaal dat bouklousule jaarliks op 1 Julie met 10% verhoog. Op SAMRAS-drukstukke wys dit dat bouklousule reeds in 2011 in volle werking was.

Erf 1954, Bredasdorp het onderverdeel na erf 5792, Bredasdorp en gevolglik het die grondwaardasie in April 2016 amper gehalveer na R60 000 (voorheen grondwaardasie van R110 000) (Aanvullende Waardasie Rol nr 4 gedurende 2015/2016 boekjaar uitgevoer deur Kokkie Lloyd waardeerder). Datum vir verwerking aangedui as 04/09/2015.

Tydens onderverdeling is navraag gerig wat gebeur met bouklousule as erf onderverdeel aangesien kontrak slegs voorsiening maak van bouklousule met konsolidasie, maar nie as erf sou onderverdeel nie.

REGSIMPLIKASIE

Volstaan met die koopoooreenkoms bepaling in terme van die bouklousule voorwaarde.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Geen, maar indien die Raad wel sou oorweeg vir kwytkelding ten opsigte van bouklousule voorwaarde kan dit 'n negatiewe impak op die inkomste basis hê ten opsigte van alle bouklousules tans van toepassing.

Die Munisipale Bestuurder, in konsultasie met die Direkteur Finansies, beveel as volg aan:

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die Raad volstaan met die bepalings van die bouklousule voorwaarde ten opsigte van erf 1954, Bredasdorp as steeds bindend en van toepassing tot die restant gedeelte van die onderverdeling.
- (ii) Dat die onverdeling van erf 5792, Bredasdorp kwytgeskel is van die bouklousule voorwaarde vanweë die tot standkoming van 'n nuwe onafhanklike erf.
- (iii) Dat die bouklousule waarde op alle betrokke eiendomme beperk word tot 'n maksimum waarde van R1 000 000.

BESLUIT 46/2020

Dat die bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

17. **ONAFGEHANDELDE RAADSBESLUIE**

Besluit Nr	Onderwerp	Verkorte Besluit	Vordering	Verantwoordelike persoon
90/2016	Ouditeur-Generaal navraag insake erwe 563 en 937, Napier	(i) Dat Erf 563, Napier so spoedig as moontlik deur die raad se oordragprokureurs aan KAM oorgedra word. (ii) Dat, sodra Erf 563, Napier in KAM se naam registreer is, dit per openbare tender vervreemd word. (iii) Dat alle uitstaande skuld ten bedrae van R35 256,83 in die naam van N en S M Noor afgeskryf word. (iv) Dat Erf 937, Napier se uitstaande gelde so spoedig as moontlik deur die raad se Masakane proses gevorder word (binne 90 dae). (v) Indien alle uitstaande fooie nie binne 90 dae gevorder is nie, erf 937 per openbare tender vervreemd sal word om deel van die koste te delg. (vi) Dat die verskil in uitstaande fooie (balans min verkoopprys) afgeskryf word.	Afgehandel vanaf finansies - Oordrag van eiendomme moet nog plaasvind.	DFD
237/2016	Parkering: Erf 264, Struisbaai	Dat die randstene wel verwyder word, op voorwaarde dat - (i) Die eienaar in kennis gestel word dat sou hulle die parkeerarea wil vergroot tot by die voetpaadjie (in Hoofweg), die nodige grondgebruiksaansoek ingedien moet word vir oorweging. (ii) 'n Vergunningsooreenkoms vir die vergroting van die parkeerarea met die eienaar gesluit word.	Eienaars was in gesprek met die MB ten opsigte van 'n vergunningsooreenkoms. Aangeleentheid na Martin Kruger verwys om te help met die vergunningsooreenkoms.	BSSB
238/2016	Council's further directions: Rezoning, Subdivision, Consolidation and letting of property in respect of the Vishuis Heritage Centre in Kassiesbaai, Arniston	That Council approves the following: Amendment of Clause 12.2.4 of the attached Lease Agreement to read as follows: "The serving of refreshments including hot and cold beverages and snack foods (i.e. a portion of food, smaller than a regular meal, generally eaten between meals) shall be permitted, excluding regular meals."	Aansoek gebring om MB te verplig om Raadsbesluit uit te voer. Saak weer voor Hooggeregshof.	BSSB
201/2018	Elim: Uitstaande Belastingrekening	(i) Raad kennis neem van die uitstaande bedrag verskuldig. (ii) Volledige verslag met die volgende Raadsvergadering oorweeg word. (iii) Maandelikse vorderingsverslae aan die Raad voorgelê word ten opsigte van die vereffening van hierdie uitstaande gelde.	MOU geteken met Opsienersraad en afbetalingsooreenoms gereël vir betaling van agterstallige erfbelasting.	Eiendoms-administrasie

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad kennis neem van die onafgehandelde Raadsbesluite.

BEKRAGTIG op hierdie

dag van

2020

BESLUIT 47/2020

Dat die Bestuursaanbeveling as 'n besluit van die Raad aanvaar word.

Hierna gaan die Raad In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.

SPEAKER

DATUM: